VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 21

Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

24 Junie 2016

Die wintervakansie het aangebreek en of jy nou see, bosveld of berge toe gaan, of sommer net met Jan Tuisbly se karretjie die vakansie aanpak, geniet dit, rus lekker, bly warm en kom kuier weer saam op 21 Julie 2016, nadat die skole heropen het...

1. SAKE VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE: In sy jongste nuusbrief aan leraars, deel dr Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die NG Kerk), momente wat op kerklike terrein aan die gebeur is. Hierdie skrywe bevat inligting oor die volgende onderwerpe: Teologiese Opleiding, **Huweliksbevestigers**, Jeugsake, Reformasie 500, Versoeningsgeleentheid 11 Junie, Droogtehulp. Klik **hier** vir die volledige brief. In 'n **verdere e-pos** wat Woensdag ontvang is, gee dr Gustav meer inligting rakende die vordering met die proses rondom die hantering van appèlle, lees dit gerus ook **hier**. Die kantoor van die Algemene Sinode kan gekontak word by **sophiadk@ngkerk.org.za**

2. AKTUELE NUUS/INLIGTING:

Inskakeling by internasionale dag vir seevaarders en verwante organisasies: Die 2de Sondag van Julie word jaarliks wêreldwyd erken en gevier as "Sea Sunday". Op hierdie spesifieke dag word daar gebid vir al die seevaart- en verwante dienste, onder andere vir Visserye, die Seereddinginstituut en die Internasionale Skeepsbedryf. **Die volgende geleentheid is op Sondag 10 Julie 2016**. Martin Britz van *Biblia Hawesending* wil, in die lig hiervan, graag verneem wat die moontlikheid is dat die NG Kerk ook kan inskakel by hierdie dag soos met die Wêreldbiddag vir Vroue. Klik **hier** vir meer inligting.

Die predikant as entrepreneur: Die volgende interessante berig het onlangs in *Grens.Pos* (nuusbrief Sinode Oos-Kaap) verskyn *(baie dankie hiervoor)*: *Die belangrikheid van entrepreneurskap as lewensvaardigheid vir predikante word al hoe meer beklemtoon. Prof Stefan Paas van die Vrije Universiteit (missioloog van die Christelike Gereformeerde Kerk), vertel onlangs hoe kursusse in entrepreneurskap deesdae by sy universiteit verpligtend is in die opleiding van predikante. Die boek, The Minister as Entrepreneur: Leading and Growing the Church in an Age of Rapid Change, deur Michael Volland, word sterk deur prof Paas aanbeveel.* Lees **hier** 'n lusmaker wat in die boek se binneflap verskyn.

Ekologie - raad met gebruikte motorolie: Gebruikte motorolie kan geweldig skadelik vir die omgewing wees as dit nie korrek hanteer word nie en in ons water of natuurlike hulpbronne beland. Die ekologies verantwoordelike en volhoubare herwinning van hierdie gebruikte olie kan ook baie werk skep. Besoek gerus *The Rose Foundation* se webwerf by **www.rosefoundation.org.za**, vir inligting oor wetgewing, versamelpunte vir gebruikte olie en allerlei ander interessante inligting.

Baie dankie aan ePosduif (nuusbrief van Sinode KwaZulu-Natal) vir hierdie belangrike inligting.

3. OPWINDENDE NUUS VANAF CLF!: Die Engelse pamflette wat CLF uitgee, kan nou gratis deur *AppStore* afgelaai word:

Christelike Lektuurfonds stel bekend 'n *App* waar jy gratis toegang tot lewensveranderende materiaal kan kry. Die Boodskap van die Bybel word op 'n byderwetse en relevante wyse oorgedra en spreek omstandighede aan waarmee jy

dalk mag worstel. Lees die Boodskap op jou slimfoon of tablet, deel die Boodskap met jou vriende op sosiale media en leef hierdie Boodskap uit waar jy ookal gaan. Laai Christelike Lektuurfonds af in die *AppStore* - tik 'CLF' in die soekblokkie - beskikbaar vir beide *Android*- en *Apple*-fone. Indien jy enige probleme ondervind met die aflaai van die *App*, skakel gerus met Christelike Lektuurfonds se redakteur, Bernard van Niekerk by 021 873 6973.

4. ONTHOU ASSEBLIEF OOK DIE VOLGENDE: Aangesien daar 'n lang vakansie voorlê, word julle vriendelik versoek om nie van die volgende geleenthede te vergeet nie, teken dit asseblief in julle dagboeke aan:

Uitnodiging na Boekbekendstelling: ***Die NG Kerk Familie Vrystaat 150 Jaar***, word tydens die *Vryfees* se Literatuurfees op **Donderdag 14 Julie 2016, om 10:00** in die ATKV-Eeufeessaal (UV kampus), bekend gestel. Kaartjies vir bywoning van dié geleentheid beloop R20pp en is by *Computicket*, asook by die deure beskikbaar. Die fotoboek sal vir die eerste keer by die *Vryfees* te koop wees.

Water Lewe Fotokompetisie: Gebruik die komende skoolvakansie om besondere foto's van water in die volgende drie kategorieë te neem: *Wonder van water, Dors na water en Woeker met water*). Klik **hier** vir al die inligting en **hier** vir finale reëls en voorwaardes. Registreer deur op **www.ngkvrystaat.co.za** te klik (let wel, dit is slegs 'n webblad om te registreer, dit is nie die amptelike webblad van die NG Kerk Vrystaat nie!)

Alle ingeskrewe foto's mag slegs in die Vrystaat en Noord-Kaap afgeneem wees – sluitingsdatum is 15 Julie 2016.

VBO:

Volgende VBO-Geleentheid

Datum:	**20 Julie 2016**
Tema:	***Gesonde Verhoudings***
Aanbieder:	Gustav Gouws - bekende spreker Hierdie werkswinkel word opgevolg met 'n retraite op 12 & 13 Augustus wat weer deur Gustav Gouws aangebied sal word.
Plek:	Sal nog bekend gemaak word.
Registrasie:	SMS D67252 en u naam na 31029.

T: 051- 401 3995 | E: shepherd@ufs.ac.za

Werkswinkel oor Kreatiewe Fasilitering te Menuha:

Datum: Donderdag 4 Augustus vanaf 10:00 tot die namiddag van Vrydag 5 Augustus 2016
Plek: Menuha, tussen Brandfort en Bloemfontein (klik **hier** vir 'n roetekaart)
Sprekers: Roelf Opperman (leraar, NG Kameeldrif), Johan van den Heever (leraar, NG Eldoraigne) en Fritz Snyman (leraar, NG Universiteitsoord)
Koste: R 200pp (eie reiskoste)
Inskrywings/navrae: Joanie by **gemeentes@ngkvs.co.za** **teen Vrydag 22 Julie 2016 (plek vir slegs 20 kursusgangers)**

5. MET MEELEWING: Dit is met hartseer dat ons van die afsterwe van die volgende persone verneem het:

Die **skoonmoeder van dr Pieter van Jaarsveld**, leraar by NG Bothaville is onverwags op Vrydag 17 Junie 2016 oorlede. Die begrafnis het reeds Woensdag vanuit die NG Gemeente Aandbloem plaasgevind.

Emeritusleraar, ds JAV (Jan) Knipe, is op Saterdag 18 Junie 2016 in die ouderdom van 84 jaar, na 'n baie lang siekbed oorlede. Hy was woonagtig te Striata-aftreeoord in Bloemfontein en was gedurende sy loopbaan by die volgende gemeentes as leraar betrokke: 1957 Uitenhage, 1958 Retief (Despatch), 1963 Pietermaritzburg-Wes, 1968 Newtonpark PE, 1972 Hospitaalpark Bfn, 1979 Wilgehof-Wes Bfn en vanaf 1984 by Pellissier Bfn, waar hy gedurende 1996 afgetree het. Die begrafnis vind op Vrydag 24 Junie 2016 om 10:30 vanuit die NG Gemeente Gardeniapark, Bloemfontein plaas.

Ons gebede is met elke geliefde wat deur hierdie twee persone se afsterwe geraak word – mag die Here aan elkeen van julle sy vrede en vertroosting gee.

6. VAKATURE: Die **NG Gemeente Paarl-Vallei in die Paarl** beskik oor ‘n vakature vir ‘n **medeleraar** – klik **hier** vir al die inligting. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 5 Augustus 2016 om 12:00** en diensaanvaarding is onderhandelbaar vanaf Oktober 2016.

7. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die vakansietyd (25 Junie tot 18 Julie), asook die 1ste week van die nuwe kwartaal verjaar:

25 Junie:
Dr Wynand Retief - VENNOTE IN GETUIENIS - ZAMBIË (JMTUC) - cwretief@gmail.com

27 Junie:
Ds Tertius Lamprecht - BETHLEHEM-EFRATA - 058 303 4894, 082 499 0590, tertiuslamprecht@gmail.com

30 Junie:
Ds Carlie Schiel - DENEYSVILLE - 016 371 1409, 082 222 1634, carlieschiel@gmail.com

1 Julie:
Dr Gerhard Botha - SHEPHERD & NG HEUWELSIG - 051 401 3803 (k), 083 440 4544, bothagp@ufs.ac.za

4 Julie:
Ds Riaan van Zyl - BETHLEHEM-WES - 058 303 2511, 083 388 3640, riaan.vanzyl@connix.co.za
Ds Jaques Louw - HOOPSTAD - 053 444 1021, 082 487 7061, jacques.louw@absamail.co.za

6 Julie:
Ds André Smit - BULTFONTEIN - 051 853 1315, 082 578 4700, awsmit@telkomsa.net

11 Julie:
Ds Riaan Stander - LANGENHOVENPARK - 051 446 1131, 082 665 8478, myposduif@telkomsa.net

13 Julie:
Ds Christo Nel - RIEBEECKSTAD - 057 388 4484, 076 943 2006, soekie@lantic.net

14 Julie:
Ds Peet Louw - RIEBEECKSTAD-ERFDEEL - 057 388 4533, 084 522 0079, pjlouw@2mail.co.za

19 Julie:
Ds Pieter Cockeran - HARRISMITH - 076 411 1190, pcockeran@gmail.com

6 Julie:
Ds WP du Plessis - EDENBURG - 051 743 1656, 071 509 2506, willempdup@gmail.com

8. TEN SLOTTE: *Ek het nogals ‘n ding oor omgee vir afvlerk-mense, diere, die natuur…, ons dink altyd dat ons iets groots moet doen om ‘n verskil te maak, maar dit vat net ‘n klein bietjie van jou menswees en tyd om dit te doen – wanneer jy met vakansie is, moet asseblief nie jou hart tuis los nie, blom en gee om net dáár waar jy is! Hier is so ‘n paar aanhalings om te onthou…*





Groetnis tot 'n volgende keer.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

PROSES RONDOM HANTERING VAN APPÈLLE

Beste kollega

Baie dankie vir die goeie reaksie op my vorige skrywe. Ek waardeer die wenke, navrae en opmerkings wat ek ontvang het. Ek probeer om dié e-pos uit my kantoor so kort moontlik te hou.

'n Belangrike saak wat ek nou aan jou wil kommunikeer omdat ruimte in die vorige skrywe dit nie toegelaat het nie, is die vordering met die proses rondom die hantering van die appèlle.

Jy het kennis geneem van die ingewikkelde proses rondom die hantering van appèlle. Leemtes in die Kerkorde maak dit nie moontlik om appèlle gemaklik te hanteer nie. Die rede hiervoor is dat daar sekere tegniese beperkings op die Kerkorde is.

Na oorweging van advies is daar op die volgende proses besluit ten opsigte van die tegniese aspekte van die appèlle:

- *Die ASM adviseer dat ongekontamineerde ATR sekundi, dit wil sê, sekundi wat nie by die Algemene Sinode 2015 was nie of wat self 'n appellant is, 'n appèlliggaam kan vorm vir die hantering van appèlle. Dit moet gedoen word om die moontlikheid van prejudisering te voorkom.*
- *Die appèlliggaam sal saamgeroep word deur die Aktuarius van die Algemene Sinode en sal spoedeisend deur die ASM goedgekeur word.*
- *Die appèlliggaam sal versoek word om so spoedig moontlik te konstitueer en al die appèlle in behandeling te neem.*
- *Die kantoor van die Algemene Sekretaris sal met jou kommunikeer oor die vordering van die proses.*

Op Nelis van Rensburg se vorige ope uitnodiging ten opsigte van wenke oor hoe die proses rondom appèlle gehanteer kan word, is daar voorstelle ontvang. Ná oorweging van voorstelle en wenke is daar besluit om voort te gaan met die proses soos hierbo beskryf word.

Ek hou julle op datum.

Saam in Sy diens.
Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk

TERUG NA INHOUD

SEA SUNDAY – BIDDAG VIR SEEVAARDERS EN VERWANTE ORGANISASIES:

Martin Britz vertel verder…

Aangesien tot 95% van al Suid Afrika se in- en uitvoere afhanklik is van die skeepsbedryf, sien ons dus dat dit seker een van die belangrikste rolle in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel. Buiten die vervoer van vrag, is dit ook 'n groot rolspeler in werkskepping, naamlik die Hawens en ook op ander terreine waar vragte per spoor en pad vervoer moet word.

Van die Kerke wêreldwyd maak 'n groot geleentheid van die dag, byvoorbeeld spesiaal ingerigte eredienste vir die seevaarders, asook verskillende instansies wat na die dienste genooi word. Dit is nie nodig vir die NG Kerk om hierdie formaat te volg nie, **maar ons versoek dat daar op die spesifieke dag wel 'n biddag vir die seevaartbedryf kan wees. Voorbidding kan gedoen word vir die behoeftes van die seevaarders:**

- Hulle worstel met storms op die see.
- Seerowery.
- Emosionele druk en spanning as gevolg van lang tye, soms tot en met 'n jaar, wat hulle afwesig is van hulle huise en gesinslewe.

Op baie skepe is daar slegs een van die bemanningslede aan boord wat 'n Christen is, terwyl daar weer op ander skepe bestaande Bybelstudiegroepe funksioneer. *Biblia Hawesending* speel hier 'n baie groot rol om die mense te ondersteun deur berading, die evangelie aan hulle te bring, asookgebed- en krisishantering. Hierdie mense is tot 28 dae, tussen hawens, op die see en aangewese op mekaar se geselskap, daarom is hulle honger vir gesprekke met ander persone. Dit maak hulle baie ontvanklik om met die personeel van *Biblia Hawesending* in gesprek te tree en ons kry dus die geleentheid om die evangelie met hulle te deel. *Biblia Hawesending* is as te ware die NG Kerk se arm wat uitreik na hierdie vreemdelinge wat by ons hawens aandoen, van ongeveer 60 verskillende lande.



Bid vir *Biblia Hawesending* dat God ons sal voorsien van die nodige insig en wysheid om die seevaarders te bedien. Verdere inligting kan verkry word van Martin Britz, *Biblia Hawesending*, Port Elizabeth - kontak hom by 041 585 5483 / 083 469 7138, of stuur 'n e-pos aan **biblia-pe@telkomsa.net**

TERUG NA INHOUD

DIE PREDIKANT AS ENTREPRENEUR:

A compelling case for an entrepreneurial approach to ministry and mission, exploring its biblical basis and potential benefits. Based on extensive interviews with entrepreneurial ministers from a range of denominations. Draws on examples of 'entrepreneurs' from the Bible and Christian history to help readers imagine how such an approach could work in their own context. Addresses the problems some have with the word 'entrepreneur' and sets out a positive and informed alternative understanding. Full of informative and inspiring case-studies of entrepreneurial ministry in action.

Building on his own experiences as a priest and an entrepreneur, Volland argues that the concept of entrepreneurship offers churches a helpful lens through which to view Christian ministry and mission, and an understanding and approach to ministry that is well fitted for the mission task in a rapidly changing world. He shows how an entrepreneurial approach is consistent with understandings of leadership in the major denominations and in the new churches. He also argues that such an approach is consistent both with the nature of God and with human collaboration with God's activity in the world.

His conclusions are based on extensive interviews with entrepreneurial ministers (Justin Welby and Steven Croft were among the interviewers), and his findings result in practical suggestions for those seeking to be more entrepreneurial in their ministries as well as in recommendations for strategic change that will encourage sustainable church growth and vitality in the years ahead.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – MEDELERAAR, NG PAARL-VALLEI:

Aansoeke vir bogenoemde pos word ingewag - in biddende afhanklikheid voor God.

GEMEENTEPROFIEL: 1 314 belydende lidmate en 360 dooplidmate uit alle ouderdomsgroepe.

GEMEENTE-BELYDENIS: *Ons word geseën om vir ander tot seën te wees van die Paarl tot aan die eindhoeke van die wêreld. Ons is die liggaam van Christus. Ons is vrygemaak om nuut te lewe. Ons loop waar Jesus lei. Hy lei ons deur sy Woord en sy Gees. Ons is almal kinders van die Vader. Ons leef in liefde saam. Ons versorg mekaar. Ons doen wat reg is. Ons gee saam vir ander om. Ons deel graag die Goeie Nuus. Saam laat ons die Koninkryk kom.*

HULLE IS OP SOEK NA 'N LERAAR WAT:

- minstens 10 jaar gemeente-ervaring het
- hom/haar sal tuisvoel binne die gereformeerde/evangeliese spiritualiteit van die gemeente
- hom/haar kan vereenselwig met die geloofsraamwerk van ons gemeente-belydenis en hom/haar met passie daarbinne kan uitleef
- die gawe van leierskap het, asook die vermoë om 'n gemeente strategies te begelei en te inspireer/motiveer (kennis van die natuurlike kerkgroei-model sal 'n bonus wees)
- die vermoë het om inspirerende eredienste te fasiliteer (musikaliteit en die vermoë om 'n sangkultuur verder uit te bou sal 'n bonus wees)
- die vermoë het om dinamies te preek sodat mense graag na die preke wil kom luister
- die vermoë het om die gemeente opgewonde te maak en te help mobliseer vir die uitreik na ongelowiges en behoeftiges regoor die wêreld (ons gemeente het verskeie uitreikaksies en ondersteun ook 20 sendelinge wêreldwyd)
- die vermoë het om selgroep-bediening verder uit te bou
- die vermoë het om pastoraal mense met liefde te begelei
- die vermoë het om goed in spanverband saam te werk

VERGOEDING: Volgens sinodale aanbevelings. Pastorie beskikbaar.

DATUM VIR DIENSAANVAARDING: Onderhandelbaar vanaf Oktober 2016.

AANSOEKE: 'n Aansoekbrief, vergesel van u CV, asook gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies, moet per geregistreerde pos of e-pos gestuur word aan:
Per geregistreerde pos: Die Voorsitter Pre-advies Kommissie, NG Gemeente Paarl-Vallei, Suite 7261, Privaatsak X3041, Paarl 7620
Per epos: info@paarlvalleigemeente.co.za

Kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: Vrydag 5 Augustus 2016 om 12:00

TERUG NA INHOUD